



***Die status van  
minderheidsgemeenskappe  
in die Suid-Afrikaanse samelewing***

**‘n Projek van die Christiaan de Wet Fonds**

***‘n Besprekingsdokument vir Die Afrikanerbond met die  
oog op voorstelle tot ‘n Handves vir Kultuur-, en  
Taalregte***

**Die Afrikanerbond  
Besprekingsdokument - 4  
Februarie 2011  
Prof Deon Geldenhuys**

## Die status van minderheidsgemeenskappe in die Suid-Afrikaanse samelewing

‘Ons, die mense van Suid-Afrika’, verklaar die aanhef tot die 1996-grondwet, ‘Glo dat Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid’.

Die aanhef brei nie uit oor die aard van die verskeidenheid nie, maar in klousules van die grondwet word spesifiek erkenning gegee aan kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe (artikels 31, 185 en 235). Hiermee gee die grondwet sekerlik nie te kenne dat alle Suid-Afrikaners aan een of meer van dié drie gemeenskappe behoort nie. Ons kan ook nie die afleiding maak dat die ‘verskeidenheid’ onder Suid-Afrikaners slegs in terme van kultuur, godsdiens en taal gedefinieer kan word nie. Daar is immers wette en amptelike beleide in Suid-Afrika wat geskoei is op rasseverskille. Voorts is daar in Suid-Afrika, soos in baie ander state, duidelike sosio-ekonomiese of klasseverskille.

Bevolkingsverskeidenheid hier en elders ter wêreld word ook aan faktore soos woonplek (stad, dorp of platteland), ouderdom en geslag gekoppel. Dis nietemin insiggewend dat die grondwet erken dat die Suid-Afrikaanse samelewing (‘society’) - deesdae nagenoeg 50-miljoen mense - onder meer ’n verskeidenheid kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe (‘communities’) bevat.

’n Diversiteit of pluraliteit van hierdie aard is hoegenaamd nie uniek nie; heterogene samelewings bestaande uit verskillende taal-, kultuur- en godsdiensgroepe is die reël eerder as die uitsondering. Twee-derdes van vandag se bykans 200 state het minstens een beduidende etniese oftewel kulturele minderheidsgroep wat ten minste 10% van die nasionale bevolking verteenwoordig.

In verskeie state word die onderlinge verhoudinge tussen groepe (gemeenskappe) of tussen die meerderheidsgroep en minderhede deur ernstige konflik gekenmerk; dink maar aan Sri Lanka, Mianmar, Irak, Ciprus, voormalige Joego-Slawië, Rwanda en Nigerië. Daar is natuurlik ook heterogene samelewings wat volledig vreedsaam (asook welvarend en demokraties) is, met Switserland waarskynlik die uitstaande voorbeeld.

Die wyses waarop state hul bevolkingsverskeidenheid hanteer, wissel van Bosnië en Herzegowina se etniese federasie tot die tradisionele benadering van talle Afrikastate om etniese verskeidenheid te misken in die naam van nasiebou. Gegewe die wye voorkoms van diversiteit in nasionale samelewings en die doelbewuste onderdrukking van minderheidsgroepe in baie state, is dit nie vreemd nie dat internasionale organisasies reeds verskeie internasionale verdrae en konvensies aanvaar het waarin die regte van minderheidsgroepe (tipies gedefinieer op grond van etnisiteit, taal en godsdiens) erken word. Die Europese Unie en Verenigde Nasies het hierin die voortou geneem.

Teen hierdie agtergrond word die verhouding tussen gemeenskap en samelewing in Suid-Afrika bekyk. Meer spesifiek word die status van die Afrikanergemeenskap as ’n minderheidsgroep in die Suid-Afrikaanse samelewing ondersoek.

- Wat is die grondwetlike posisie van so ’n gemeenskap?
- Watter politieke beweegruimte het Afrikaners as groep binne die perke wat die grondwet stel?

- En kan Afrikaners kers opsteek by internasionale akkoorde en praktyke t.o.v. groepsregte?

### **Die Suid-Afrikaanse grondwet (1996) se bepalings oor bevolkingsverskeidenheid**

Een van die ses grondliggende bepalings vervat in hoofstuk 1 (artikel 6) van die grondwet handel oor Suid-Afrika se amptelike tale. Afrikaans word as een van elf amptelike tale erken. Die nasionale en provinsiale regerings word verplig ('moet') minstens twee amptelike tale gebruik en sorg dat 'alle amptelike tale gelykheid van aansien geniet en billik behandel word' (met inagneming van gebruik, doenlikheid, koste ens.) Artikel 6 maak voorts voorsiening vir die instelling van die Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) om die gebruik en ontwikkeling van al elf amptelike tale (plus die Khoi-, Nama- en Santale en gebaretaal) te bevorder.

Hoofstuk 2, wat die handves van regte bevat, wy drie artikels (29-31) aan aspekte van bevolkingsverskeidenheid. Artikel 29, oor onderwys, erken elke persoon se reg 'om in openbare onderwysinstellings onderwys te ontvang in die amptelike taal of tale van eie keuse waar daardie onderwys redelikerwys doenlik is'. Om hierdie reg te verwesenlik, 'moet die staat alle redelike alternatiewe in die onderwys, met inbegrip van enkelmediuminstellings, oorweeg' - met inagneming van billikheid, doenlikheid en regstelling van vorige rassediskriminasie. Artikel 29 erken ook elkeen se reg om op eie koste 'onafhanklike onderwysinstellings' te skep mits dit nie op grond van ras diskrimineer nie. Staatsubsidies aan sulke instellings word uitdruklik nie uitgesluit nie.

Artikel 30, oor taal en kultuur, bepaal: 'Elkeen het die reg om die taal van eie keuse te gebruik en om aan die kulturele lewe van eie keuse deel te neem', mits dit nie strydig met ander bepalings in die handves van regte gedoen word nie.

'Kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe' kry in artikel 31 aandag. 'Persone wat aan 'n kultuur-, godsdiens- of taalgemeenskap behoort, mag nie die reg ontsê word om, saam met ander lede van daardie gemeenskap - (a) hul kultuur te geniet, hul godsdiens te beoefen en hul taal te gebruik nie; en (b) kultuur-, godsdiens- en taalverenigings en ander organe van die burgerlike gemeenskap te vorm, in stand te hou en daarby aan te sluit nie'. Hierdie regte mag nie strydig met die handves van regte uitgeoefen word nie.

Een van die staatsinstellings wat ingevolge die grondwet geskep is 'ter ondersteuning van grondwetlike demokrasie', is die Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe (bekend as die langnaamkommissie). Volgens artikel 185 het die kommissie drie hoofogmerke: 'om respek te bevorder vir die regte' van die drie tipes gemeenskappe; 'om vrede, vriendskap, menslikheid, verdraagsaamheid en nasionale eenheid' onder hierdie gemeenskappe te bevorder; en om die instelling of erkenning van rade vir gemeenskappe aan te beveel.

Hoofstuk 14 van die grondwet, met sy uiteenlopende algemene bepalings, maak in artikel 235 voorsiening vir selfbeskikking: 'Die Suid-Afrikaanse bevolking as geheel se reg op selfbeskikking soos in hierdie Grondwet vergestalt, belet nie, binne die raamwerk van die reg, die erkenning nie van die konsep van die reg van enige gemeenskap wat 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis deel, op selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse, soos deur nasionale wetgewing bepaal'.

Ander tersaaklike bepalings van die grondwet skep die konteks waarbinne gemeenskappe hul regte mag uitoefen. In die aanhef tot die grondwet word herhaaldelik verwys na die demokratiese aard van die politieke bedeling en koppel dit aan maatskaplike geregtigheid, basiese menseregte, regering gegrond op die wil van die bevolking, alle burgers se gelyke beskerming deur die reg, en 'n 'oop samelewing'. Laasgenoemde idee verwys normaalweg na 'n samelewing waarin individue aansienlike vryheid geniet, die regering sensitief staan teenoor mense se behoeftes, en politieke instellings met verdraagsaamheid, verantwoordbaarheid en deursigtigheid optree. Die aanhef tot die grondwet gee ook erkenning aan die 'ongeregtighede van ons verlede' en maak dit 'n sleutelstuk van die grondwet en die instellings wat daaruit voortspruit om 'die verdeeldheid van die verlede te heel'. In die res van die grondwet word verdere beslag aan hierdie aspekte gegee.

Kortom, die grondwet (i) erken die plurale aard van die Suid-Afrikaanse samelewing, spesifiek (maar nie eksklusief nie) in terme van taal-, godsdiens- en kultuurgemeenskappe; (ii) ken aan lede van hierdie drie soorte groepe bepaalde regte toe sonder om ander Suid-Afrikaners daardeur te benadeel; (iii) skep instellings om die belange van taal-, godsdiens- en kultuurgemeenskappe te bevorder, weer sonder benadeling van ander burgers; (iv) gee gekwalifiseerde erkenning aan die selfbeskikkingsreg van enige groep met 'n gemeenskaplike kultuur- en taalerfenis; en (v) bepaal dat Suid-Afrikaners hul regte uitoefen in die konteks van 'n demokratiese en oop samelewing waarin 'n hoë premie geplaas word op die regstelling van die ongeregtighede van die verlede.

### **Internasionale perspektiewe op minderheidsregte**

Dis opmerklik dat die Suid-Afrikaanse grondwet hoegenaamd nie die internasionaal erkende begrip 'minderhede' gebruik nie, maar wel 'gemeenskappe'. Tog stem die drie tipes gemeenskappe wat die grondwet onderskei, te wete kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe, ooreen met die drie sogenaamde objektiewe kriteria waaraan 'n etniese, godsdienstige of linguïstiese minderheid volgens internasionale standaarde moet voldoen: kultuur, godsdiens en taal. Hierdie stel kriteria is vervat in die gesaghebbende en algemeen aanvaarde definisie van 'n minderheid wat in 1979 geformuleer is deur 'n VN spesiale rapporteur oor minderhede, Francesco Capotorti: 'A group numerically inferior to the rest of the population of a State, and in a non-dominant position, whose members - being nationals of the State - possess ethnic, religious or linguistic characteristics differing from those of the rest of the population and show, if only implicitly, a sense of solidarity, directed towards preserving their culture, traditions, religions and language'. Benewens die genoemde objektiewe kriteria, bevat die Capotorti definisie ook 'n subjektiewe criterium, naamlik 'n minderheid se onderlinge verbintenis tot die handhawing van hul taal, kultuur, godsdiens en tradisies. Die blote bestaan van 'n minderheid hang daarom nie af van 'n besluit van 'n regering nie, maar berus op self-identifikasie. 'n Ander belangrike kenmerk is dat individue vrywillig met 'n minderheidsgroep assosieer (of dissosieer).

Op grond van hierdie internasionale standaarde kan Afrikaners bepaald as 'n minderheidsgroep beskou word. As sodanig sou Afrikaners aanspraak kon maak op internasionaal erkende minderheidsregte. Behels sulke regte meer as wat Suid-Afrika se grondwet aan kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe toeken? 'n Seleksie van drie van die vernaamste internasionale deklarasies en konvensies oor minderheidsregte bied reeds 'n antwoord.

Die eerste is die VN se Deklarasie oor die Regte van Persone wat behoort aan Nasionale of Etniese, Godsdienstige of Linguistiese Minderhede (1992). Artikel 1 plaas state onder uitdruklike verpligtinge: 'States shall protect the existence and the national or ethnic, cultural, religious and linguistic identity of minorities within their respective territories and shall encourage conditions for the promotion of that identity'. Artikel 2 bevat die regte wat state d.m.v. wetgewende en ander maatreëls moet beskerm, naamlik minderhede se reg om hul kultuur te geniet, godsdiens te beoefen, taal te gebruik en effektief deel te neem aan politieke besluitneming op nasionale en streeksvlakke oor sake wat hulle raak. Artikel 3 bepaal dat geen lid van 'n minderheidsgroep benadeel mag word a.g.v. die uitoefening (of nie-uitoefening) van enige minderheidsreg nie.

Die Raamwerk-konvensie vir die Beskerming van Nasionale Minderhede, wat in 1995 deur die Raad van Europa goedgekeur is en waartoe 43 state reeds partye is, stem grootliks ooreen met die VN se Deklarasie van 1992. So verbind die Raamwerk-konvensie die deelnemende state om toestande te skep wat nodig is om hul nasionale minderhede toe te laat om doeltreffend deel te neem aan die kulturele, sosiale en ekonomiese lewe en aan openbare aangeleenthede, veral dié wat hulle raak. 'n Paragraaf uit die aanhef tot die Raamwerk-konvensie verdien direkte aanhaling: '...a pluralist and genuinely democratic society should not only respect the ethnic, cultural, linguistic and religious identity of each person belonging to a national minority, but also create appropriate conditions enabling them to express, preserve and develop this identity'.

Laastens kan verwys word na die Instrument vir die Beskerming van Minderheidsregte wat in 1994 deur die Sentraal-Europese Inisiatief ('n samewerkingsgroepering van 18 Sentraal- en Oos-Europese state) aanvaar is. Benewens 'n taamlike standaard lys van minderheidsregte, verwoord die Instrument 'n paar belangrike beginsels onderliggend aan minderheidsregte. Die een is dat minderhede 'will enjoy the same rights and have the same duties of citizenship as the rest of the population'. Minderheidsregte beteken dus nie die bevoorregting van 'n minderheid ten koste van die meerderheid nie, maar is gerig op gelykstelling. Die ander beginsel is dat minderheidsregte deel vorm van universeel beskermde menseregte en ewe noodsaaklik is vir vrede, geregtigheid, stabiliteit en demokrasie binne state.

Daar is minstens twee fundamentele verskille tussen bogenoemde drie minderheidsinstrumente en die Suid-Afrikaanse grondwet se bepalinge oor gemeenskapsregte. Die een is dat die VN- en Europese dokumente uitdruklike verpligtinge op state plaas om die regte en belange van minderhede te bevorder. Hier kan ons van 'positiewe regte' praat, d.w.s. die betrokke groepe is geregtig op bepaalde handeling wat die owerheid moet verrig. Daarteenoor neig Suid-Afrika se grondwet om die regte van gemeenskappe in negatiewe vorm te giet: hulle mag nie deur die owerheid verhinder word om sekere dinge te doen nie, maar die owerheid word nie spesifiek verplig om iets te voorsien nie. Waar 'n positiewe reg dus die owerheid verplig om iets te doen, laat 'n negatiewe reg hom toe om niks te doen nie.

Die reg op selfbeskikking (artikel 235 van die grondwet) is ook negatief geformuleer en word verder ingeperk deur vernuftige bewoording. Die ganse bevolking se reg op selfbeskikking (bedoelende die reg om hul eie regering op demokratiese wyse te verkies) 'belet nie' selfbeskikking vir enige taal- of kultuurgemeenskap nie. Maar hoeveel selfbeskikking is hier ter sprake? Die betrokke klousule praat van 'die erkenning...van die konsep van die reg...op selfbeskikking'. Dit gaan dus nie hier om 'n kategorieuse reg op selfbeskikking vir 'n gemeenskap nie, maar bloot die erkenning van die idee van so 'n reg.

Ewe belangrik is dat artikel 235 hoegenaamd geen verpligting op die staat plaas om selfs net die erkenning van die gedagte van selfbeskikking vir 'n gemeenskap te bevorder nie. Die betrokke klousule verwys wel na 'selfbeskikking binne 'n territoriale entiteit in die Republiek of op enige ander wyse', wat teoreties die deur oop laat vir die afskeiding van 'n gemeenskap en gebied om 'n nuwe onafhanklike staat te skep. Hierdie radikale moontlikheid word egter gekelder deur die kwalifikasie 'soos deur nasionale wetgewing bepaal'. Dis eenvoudig ondenkbaar dat die ANC-gedomineerde Parlement ooit 'n wet sal goedkeur wat 'n deel van die bevolking toelaat om van Suid-Afrika weg te breek en hul eie soewereine 'volkstaat' te stig. Boonop mag die grondwet selfbeskikking *à la* partisie implisiet belet: die aanhef verklaar dat 'Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon' en verwys ook na die bou van 'n 'verenigde Suid-Afrika', terwyl artikel 1 bepaal dat die Republiek van Suid-Afrika 'een, soewereine, demokratiese staat' is.

Die tweede verskil tussen die grondwet en die genoemde internasionale instrumente kom veral duidelik in die VN-deklarasie na vore: minderhede *qua* minderhede het die reg om deel te neem aan politieke besluitneming op sentrale en streeksvlakke oor sake wat hulle raak. Die Suid-Afrikaanse grondwet se uitgangspunt is daarteenoor dat lede van kultuur-, godsdiens- en taalgemeenskappe hierdie reg in individuele hoedanigheid as kiesers kan uitoefen. Die langnaamkommissie dien nie hier as 'n substituuat nie want die liggaam het geen wetmakende bevoegdheid nie en het boonop in praktyk bewys dat dit onsigbaar, onhoorbaar en oneffektief is.

### **Hoe nou gemaak? Praktiese voorstelle vir optrede**

Gedagtig daaraan dat Suid-Afrika se grondwet tekortskiet aan internasionale standaarde oor die beskerming en bevordering van die regte van minderhede, moet vervolgens besin word oor wat sulke gemeenskappe in Suid-Afrika te doen staan indien hulle ontevrede is met hul huidige status en bekommerd is oor die toekoms van hul taal en kultuur in hierdie land. 'n Reeks voorstelle word aan die hand gedoen om 'n Afrikaanse leefwêreld te help verseker. Sommige inisiatiewe is meer 'proses'-gerig en ander weer 'stelsel'-gerig. Die voorstelle is nie onderling uitsluitend nie; twee of meer kan tegelykertyd gevolg word.

'n Eerste moontlikheid is om aan te dring op Suid-Afrika se volledige nakoming van die bepalings van die VN se Deklarasie oor die Regte van Persone wat behoort aan Nasionale of Etniese, Godsdiens- of Linguistiese Minderhede (1992).

Tweedens kan daar, in geval van bewese skendings van minderheidsregte in Suid-Afrika, klagtes gelê word by die VN se menseregtekomitees, die Afrika-unie se Kommissie oor die Regte van Persone en Volke ('African Commission on Human and Peoples' Rights') of, as plaaslike remedies uitgeput is, die Tribunaal van die Suider-Afrikaanse Ontwikkelingsgemeenskap (gesetel in Windhoek). Benewens die aantasting van taal- en kultuurregte, kan 'n klag van vervolging ('persecution') moontlik ook namens Afrikaners aanhangig gemaak word. Vervolging, gedefinieer as doelbewuste, sistematiese en wydverspreide diskriminasie teen 'n groep mense op grond van hul identiteit (taal, kultuur, kleur, godsdiens) is een van die misdade teen die mensdom soos deur die internasionale reg erken. 'n Mindere aanklag, wat meer polities as juridies van aard is, is dié van 'sagte vervolging' ('soft persecution'), wat nie blatante, beplande benadeling behels nie maar neerkom op diskriminasie teen 'n groep weens die versuime van die owerheid. (In laasgenoemde geval gaan dit om 'acts of omission' eerder as 'acts of commission' van staatsweë.)



’n Derde voorstel is om plaaslik te agiteer vir internasionaal erkende minderheidsregte in Suid-Afrika, moontlik in die vorm van ’n handves van minderheidsregte as ’n byvoeging tot die grondwet. So ’n handves behoort geskoei te wees op internasionale konvensies en deklarasies oor minderheidsregte en enersyds die regte van minderhede bevat en andersyds die pligte van die staat teenoor minderhede uitspel. Die voorstel impliseer dat so ’n handves tot wysigings aan die grondwet en ander wette, beleide en owerheidspraktyke sal lei.

Vierdens kan ’n saak gemaak word vir die energieke en volgehoue benutting van die ruimte wat die Suid-Afrikaanse grondwet aan gemeenskappe bied, enersyds, en andersyds groter waaksaamheid oor veral die openbare sektor se nakoming van sy grondwetlike verpligtinge in hierdie verband. Wat die eerste aspek betref, kan verwys word na die erkenning en benutting van Afrikaans in die onderwys en die openbare sektor asook na die voorsiening wat artikel 185 van die grondwet maak vir die instelling van verteenwoordigende rade vir taal-, godsdiens- en kultuurgemeenskappe. Die ander aspek behels die noukeurige monitering van die optrede van die sentrale, provinsiale en munisipale regerings oor sake rakende taal en kultuur. Waar hulle hierdie belange en regte geweld aandoen weens versuim, onbeholpenheid of kwaadwilligheid, moet hulle tot verantwoording geroep word. Goedgesinde politieke verteenwoordigers asook instansies van die burgerlike samelewing - insluitend die Afrikanerbond - het ’n wesenlike rol hierin te speel.

Benewens oortreders te ‘name, blame and shame’, kan hulle natuurlik ook in bepaalde gevalle voor die hof gedaag word. Naas sulke konfronterende reaksies, kan burgerlike organisasies dalk opnuut oorweging skenk aan wyses van konstruktiewe betrokkenheid om die owerheid by te staan om sy pligte teenoor gemeenskappe ten beste uit te voer.

Die ANC-regering se voorliefde vir ‘bemagtiging’ bied in die vyfde plek moontlik ’n goeie grondslag vir die bevordering van gemeenskapsbemagtiging in die gedaante van kulturele-*cum*-territoriale outonomie op plaaslike vlak. (Die begrip ‘kommunalisme’ word soms gebruik vir sodanige self-regering vir ’n plaaslike politieke entiteit.) Hierdie voorstel behels dat ’n bepaalde dorp of moontlik gedeeltes van ’n stad op grond van ’n oorheersende kulturele identiteit die bevoegdhede van ’n plaaslike owerheid kry. Orania is ’n voorbeeld van ’n geprivatiseerde plaaslike owerheid en kan dalk as model vir ander plaaslike gemeenskappe dien. In die geval van nie-geprivatiseerde plaaslike owerhede, al is hulle kultuur-gebaseer, sal Orania se kleur-gebaseerde eksklusiwiteit nouliks nagevolg kan word. Dit gaan hier hoegenaamd nie om self-isolasie (soos die Amish-gemeenskap in die VSA) nie; die ‘sosiale kapitaal’ (kundigheid en ervaring) waaroor plaaslike Afrikaanse gemeenskappe beskik, behoort met ander plaaslike gemeenskappe gedeel te word tot die algemene welsyn van die groter samelewing.

’n Sesde en meer ambisieuse voorstel is dat die moontlikhede wat die grondwetlike bepaling oor selfbeskikking bied, ontgin word. Indien dit nie gedoen word nie, kan artikel 235 eenvoudig in onbruik verval en selfs afgeskaf word. Benutting beteken egter nie die bevordering van ’n eie, onafhanklike Afrikaner-volkstaat nie; daardie moontlikheid het saam met die Volkstaatraad ’n stille dood gesterf. Daar is egter mindere vorme van selfbeskikking, waarvan seggenskap vir ’n gemeenskap oor ‘eie sake’ waarskynlik die belangrikste is. Soos hierbo vermeld, is hierdie kardinale reg van minderhede in die VN se 1992-deklarasie oor minderheidsregte vervat. Vir Afrikaners (of die breë Afrikaanse gemeenskap) hoef sodanige self-seggenskap nie aan ’n bepaalde grondgebied (provinsie of streek) van Suid-Afrika gekoppel te word nie. Indien daar egter

wel aan 'n geografiese basis gedink word, kom die gedagte van 'n taalstreek vir Afrikaanstaliges na vore. Die enigste twee provinsies wat hulle hiertoe leen, gegewe die bevolkings se taalprofiel, is die Noord-Kaap en Wes-Kaap. 'n Taalstreek hoef nie 'n hele provinsie te omvat nie, maar slegs 'n gedeelte(s) daarvan. Voorts hoef so 'n reëling, wat waarskynlik grondwetlike wysigings sal vereis, nie as 'selfbeskikking' aangebied te word nie; weens politieke sensitiwiteite oor die begrip mag dit raadsaam wees om 'n ander term soos outonomie te gebruik. Dit moet ook beklemtoon word dat 'n taalstreek nie op kleur gebaseer is nie en ook nie die territoriale integriteit van Suid-Afrika aantast nie; sy bevoegdheid sal ten beste met dié van 'n provinsie ooreenstem.

Die laaste voorstel het raakpunte met verskeie van die voriges. Dit behels die bevordering van kulturele vryheid vir Suid-Afrikaanse gemeenskappe wat dit verlang. Die VN se Ontwikkelingsprogram (UNDP) het in sy *Human Development Report* van 2004 sterk voorspraak gemaak vir kulturele vryheid as die aangewese wyse waarop state die opmars van 'identiteitspolitiek' kan hanteer. Identiteitspolitiek verwys na die mobilisering van mense in baie state op etniese, kulturele, rasse- en godsdienstige gronde. Bekommerd dat hul kulture bedreig word (o.m. deur globalisering), dring hulle daarop aan om hul eiesoortigheid te behou en eis dat die breër samelewing hul identiteite erken, respekteer en akkommodeer. Kulturele vryheid beteken dan dat mense die vryheid gegun word om hul identiteite te kies en die lewens te ly wat hulle verkies sonder om as gevolg daarvan aan diskriminasie onderwerp te word. Een vorm van benadeling is amptelike beperkinge op groepe se beoefening van hul taal, kultuur of godsdiens. Die algemeenste wyse van uitsluiting is 'n blote gebrek aan erkenning en respek vir die kultuur van 'n gemeenskap - iets wat dikwels in staatsbeleid- en praktyke beliggaam word.

Die UNDP argumenteer dat grondwetlike waarborge van individuele politieke regte nie voldoende is om kulturele vryheid in praktyk te verseker nie. (Hier het die UNDP moontlik die gevaar van 'n sogenaamde tirannie van die meerderheid in gedagte.) Die UNDP bepleit multikulturele beleide op verskeie terreine. 'n Sleutelgebied is dié van politieke deelname: die verslag doen multikulturele demokrasie in die vorm van doeltreffende magsdeling tussen kultureel diverse groepe aan die hand. Federalisme bied 'n beproefde formule, soos dit neerslag vind in o.m. Kanada, Spanje en Maleisië. 'n Ander kritieke area is taal, en hier vereis multikulturalisme die erkenning, gebruik en bevordering van twee of meer tale, soos in België, Spanje en Switserland. Soos die UNDP dit verwoord, behels kulturele vryheid meer as net 'negatiewe' vryheid in die sin van die afwesigheid van beperkinge of inmenging deur die owerheid wat mense se vryheid aan bande lê; dit gaan hier eerder om 'positiewe' vryheid wat burgers, veral in groepsverband, die geleentheid tot self-seggenap of outonomie gee.

Politieke werklikhede in Suid-Afrika - bowenal die ANC se magsmonopolie - skakel waarskynlik enige moontlikheid van multikulturele demokrasie op sentrale regeringsvlak vir die afsienbare toekoms heeltemal uit. 'n Taalstreek, gemeenskapsoutonomie op plaaslike vlak en daadwerklike meertaligheid verteenwoordig minder drastiese vorme van kulturele vryheid. Gegewe die gesaghebbendheid en legitimititeit wat die UNDP aan die gedagte van kulturele vryheid gee, mag dit polities wys wees om aansprake op gemeenskapsregte in Suid-Afrika in die taal van kulturele vryheid te klee.

### **Riglyne vir politieke geloofwaardigheid**

In die lig van Suid-Afrika se geskiedenis van geeïnstitusioneerde rassisme en gedwonge rassieskeiding, moet voorstelle oor groepsbelange en -regte met groot



omsigtigheid aangebied word; die ANC en sy volgelinge is verstaanbaar hiper-allergies vir enige politieke formule wat klink na neo-apartheid. Die volgende stel riglyne mag help om sulke voorstelle se politieke geloofwaardigheid te verseker.

- Die voorstelle moet volledig strook met moderne internasionale opvattings en praktyke van demokrasie en menseregte.
- Daar mag geen sweem van bevoordeling van een groep bo 'n ander wees nie; die beginsel van gelykheid tussen mense ongeag kleur, taal, kultuur, geslag, klas of afkoms word eerbiedig.
- Individue se identifisering met groepe of gemeenskappe is volledig vrywillig.
- Selfs al word aanvaar dat (wit) Afrikaners volgens internasionale standaard kwalifiseer as 'n onderskeibare minderheidsgroep, is so 'n gemeenskap nie 'n geslote of onveranderbare entiteit nie. Dit beteken dat die Afrikanergemeenskap oop moet wees vir persone van 'n ander kleur en taal om hulle uit vrye wil met die groep te assosieer. Voeg hierby dat vandag se (wit) Afrikanergroep mag opgaan in 'n inklusiewe Afrikaanse gemeenskap wat divers is in kleur, politiek en godsdienst, met taal die vernaamste samebindende faktor. (Hou in gedagte dat Afrikaners reeds 'n numeriese minderheid binne die breër Afrikaanse taalgemeenskap vorm.)
- 'n Afrikaner- of Afrikaanse groepsidentiteit en -lojaliteit is nie strydig met Suid-Afrikanerskap nie. Mense het tipies 'n veelvoud van identiteite en lojaliteite, bv. binne gesins- en familieverband; die werksopset; op sosio-kulturele vlak (verbintenis tot 'n sekere taal-, kultuur- of godsdienstgroep, steun vir sekere sportspanne); en geografiese omgewing (identifisering met 'n bepaalde dorp, stad, streek of provinsie). Dis eweneens 'n wêreldwye verskynsel dat mense se hoogste politieke lojaliteit teenoor hul eie staat is, en dat ander vlakke van lojaliteit sekondêr is.
- Voorgaande punt impliseer dat die belange van gemeenskappe (waarvan die behoud van hul identiteit 'n kernelement is) heeltemal versoenbaar is met die belange van die breë samelewing. Waar 'n heterogene samelewing sy diversiteit as 'n bate en verryking beskou, sal die beskerming en bevordering van die belange van sy samestellende komponente as 'n algemene belang beskou word. Boonop sal minderhede wat voel dat hul identiteit veilig is in die breër samelewing en dat hulle erken, gerespekteer en waardeer word, meer geneig wees om lojaal aan die samelewing en sy instellings en simbole (soos die parlement, vlag, nasionale lied en polisie) te wees as minderhede wat vrees vir hul belange en voortbestaan.
- Die metafoor van 'n reënboognasie - vermoedelik geskep deur aartsbiskop Desmond Tutu en gepopulariseer deur president Nelson Mandela - het die versoenbare en wedersydse versterkende aard van gemeenskappe en samelewing uitgedruk. Sowel die retoriek as die praktiese politiek van die reënboognasie het sedertdien verdwyn. Dít onderstreep die behoefte aan 'n nuwe nasionale dialoog waardeur Suid-Afrikaners kan probeer om konsensus te bereik oor wat die 'common good' behels. (Die begrip 'nasionale belang' kan problematies wees omdat dit gewoonlik geassosieer word met die belang wat 'n regering deur sy buitelandse beleid najaag, soos vrede, veiligheid en voorspoed vir die nasie.) Ongelukkig is daar (nog) nie 'n goeie Afrikaanse vertaling vir 'common good' nie; gedeelde of algemene welsyn word soms gebruik. Om die 'common good' te definieer, kom vrae soos die volgende ter sprake: Wat is die gedeelde waardes wat Suid-Afrikaners saambind? (Respek? Verdraagsaamheid? Kompromiebereidheid?) Watter gedeelde reëls bestaan daar vir die hantering van politieke konflik? Wat beteken die aanhef tot die grondwet se verklaring dat '...Suid-Afrika behoort aan almal wat daarin woon, verenig in ons verskeidenheid'? Hoe behoort

hierdie 'verskeidenheid' op politieke vlak hanteer te word? (Die voorstel van 'n sogenaamde opvolgskikking wat 'n jaar of twee gelede gemaak is, is dalk te ambisieus omdat dit mag impliseer dat die destydse veelparty-akkoord wat in die 1996-grondwet beliggaam is, opnuut onderhandel moet word.)

- Laastens behoort die verdere privatisering van gemeenskapslewe met omsigtigheid hanteer te word. Dis inderdaad 'n wêreldwye verskynsel dat al hoe meer dienste wat vantevore deur openbare instellings gelewer is, deesdae geprivatiseer is. In Suid-Afrika word hierdie proses ook aangedryf deur die onvermoë van nasionale, provinsiale en plaaslike owerhede om openbare dienste van goeie gehalte doeltreffend te lewer. Vandaar privaathospitale, veiligheidsmaatskappye en omheinde woonbuurte. Vir Afrikaners is daar ook nog 'n kulturele dryfveer agter privatisering, gegewe die uitrangering van Afrikaans in veral onderwysinstellings. Daar is egter perke aan privatisering. As belastingbetalers het Suid-Afrikaners regmatig aanspraak op openbare dienste. Voorts is geprivatiseerde dienste vir 'n groot gros Afrikaners (en veel meer so vir die groter Afrikaanse gemeenskap) vandag onbekostigbaar. Op die aanname dat die tendens tot privatisering nie omgekeer kan word nie, moet aandag geskenk word aan groter toegang tot sulke dienste (veral onderwys) en moet sorg gedra word dat privatisering nie neerkom op onttrekking aan die Suid-Afrikaanse samelewing en sy lotgevalle nie. En vir Afrikaans sal dit 'n kwade dag wees as die taal afgradeer word tot slegs die private sfeer.

### Slotwoord

Wanneer daar besin word oor maniere om die toekoms van die Afrikanergemeenskap binne die Suid-Afrikaanse samelewing te probeer verseker, is dit belangrik om sowel takties as strategies te werk te gaan. Strategie verwys na 'n langer-termyn plan van optrede om bepaalde doelwitte te bereik. Toegepas op ons tema, behels dit vroeë soos: 'Watter status en rol wil Afrikaners oor, sê, twintig of dertig jaar in Suid-Afrika hê?' Taktiek gaan om meer onmiddellike optrede om die plan uit te voer.

Op hierdie stadium lyk dit asof daar in Afrikanerkringe meer tyd en energie aan taktiek as aan strategie bestee word. Daar is 'n groot verskeidenheid inisiatiewe aan die gang om onmiddellike probleme soos die voertaal van 'n bepaalde skool, die miskennis van Afrikaans deur 'n owerheidsinstansie, eensydige verandering van plekname, of onbillike diskriminasie in die werkplek aan te pak. Heelparty van hierdie uitdagings word met welslae hanteer. Lofwaardig en noodsaaklik soos die aksies is, word dit oënskynlik nie op 'n gekoördineerde en sistematiese wyse ter uitvoering van langer-termyn doelwitte onderneem nie. Dis een ding om kleiner 'gevegte' met goeie taktiek te wen, maar sukses in die spreekwoordelike oorlog vereis 'n uitvoerbare strategie. Daarsonder stel Afrikaners hulle bloot aan 'n gevaar waarteen Yogi Berra\* waarsku: 'If you don't know where you're going, chances are you will end up somewhere else'.

Deon Geldenhuys  
Departement Politiek  
Universiteit van Johannesburg

---

\*'n Bepaalde Amerikaanse bofbalspeler (gebore 1925) wie se eiesoortige sêgoed selfs George W Bush in die skadu stel.